# Semantiese ritme en beweging in Job 3: 'n Ander benadering tot die waardering van die teks

L C Bezuidenhout
Universiteit van Pretoria

Abstract
Semantic rhythm and flow in Job 3: Another approach to the valuation of the text

Literature, like music, is an art form which unfolds with time. In the analysis of the form or structure of a text, the emphasis should not be on the grouping of stiches into clusters and the subsequent segmentation of the text, but rather on the flow of thought. One thus becomes aware of a semantic rhythm, a pattern of alternating semantic motifs. This semantic rhythm brings certain semantic motifs to the fore. The identification of prominent semantic motifs makes an important contribution to one's appreciation of a poem. Definite changes in these semantic patterns can point to semantic movement in the text. This approach is applied to Job, chapter 3. A reverence, albeit an implicit reverence, is revealed in Job's first speech. It illuminates an important facet of the paradox of the pious critic.

## 1. DOEL

In hierdie artikel word Job 3 waardeer volgens 'n bepaalde benadering wat enersyds verband hou met die struktuuranalitiese metode, maar andersyds radikaal daarvan verskil. 'n Dubbele doel word nagestreef: In die eerste plek word 'n benadering

bekendgestel wat miskien 'n bydrae kan lewer tot die waardering van Bybelse poëtiese literatuur. In die tweede plek word daar gepoog om nuwe lig te werp op die betekenis van Job 3.

## 2. METODOLOGIESE VERTREKPUNT

Wanneer 'n teks waardeer word, is dit nodig om die vorm van die teks vas te stel. Die sogenaamde struktuuranalitiese metode word steeds algemeen ingespan om 'n teks te segmenteer en dan verbande tussen die segmente aan te toon. Die veronderstelling is dat verbande wat deur middel van oppervlakstruktuurmerkers aangetoon word, as raamwerk gebruik word wanneer daar gevra word na verbande in die dieptestruktuur, dit wil sê op die semantiese vlak. Die beperkinge van hierdie metode kom sterk na vore wanneer verskillende persone se pogings om die 'struktuur' te bepaal, met mekaar vergelyk word. Daar is radikale verskille in die resultate. Vanuit 'n resepsie-kritiese oogpunt is dit verklaarbaar, maar die waarde van hierdie metode word tog deur die uiteenlopende resultate gerelativeer, aangesien hierdie metode poog om 'n intensionele struktuur bloot te lê en wel *dié struktuur* van die teks.

Tog bestaan daar patrone in Bybelse poësie en 'n struktuuranalise kan nuttig wees solank die spesifieke aard van literatuur in gedagte gehou word. In hierdie artikel word daar ook van 'n struktuuranalise gebruik gemaak, maar die verskil tussen hierdie metode en die tradisionele metode word uitgewys. Volgens hierdie metode word nie aanspraak gemaak op die blootlegging van *dié* struktuur van die teks nie, maar slegs die identifiserng van 'n belangrike dimensie van die struktuur. Miskien sal die wesenlike aard van poësie deur middel van hierdie benadering beter tot sy reg kom. Die volgende perskpektiewe moet in gedagte gehou word:

* Literatuur, soos musiek, is 'n kunsvorm wat 'n tydsdimensie het. 'n Bepaalde tydsverloop word veronderstel by die waardering daarvan. Die 'lewende' teks moet waardeer word, dit moet nie gedissekteer word nie. Klem moet gelê word op die *vloei van gedagtes en die effek van die opeenvolging* daarvan.

* Patrone ontstaan dikwels aan die hand van onintensionele estetiese beginsels, eerder as intensionele logiese oorwegings. Daar moet nie 'netjies-sluitende' patrone veronderstel word nie. Die digter is 'n kunstenaar, nie 'n ingenieur nie. Ongelukkig lyk die resultate van 'struktuuranalises' dikwels soos skematiese voorstellings van geïntegreerde stroombane.

* In poësie word die 'musikale karakter' van literatuur beklemtoon. Die klankwaarde van poësie kry by die meeste kundiges voldoende aandag. In hierdie artikel val die klem op nog 'n aspek van poësie wat in 'n sekere mate

ooreenkomste met musiek vertoon. Daar bestaan 'n bepaalde ooreenkoms tussen harmoniese en melodiese konvensies in musiek en die semantiese argitektuur van literatuur. Hierdie ooreenkoms moet nie buite perke geforseer word nie, maar sekere beginsels wat algemeen aanvaar word in die waardering van musiek kan met 'n verhelderende effek op die studie van literatuur toegepas word.

In 'n gedig kan 'n reëlmatige opeenvolging van semantiese polsslae sowel as semantiese intervalle herken word. Kontrapuntale temas word op so 'n manier geïntegreer dat dit nuwe perspektiewe blootlê. Reekse kontrasterende elemente skep 'n pulserende effek. 'n Semantiese ritme kan waargeneem word, 'n patroon van afwisselende semantiese motiewe. Deur hierdie semantiese ritme word sekere motiewe op die voorgrond geplaas. 'n Semantiese motief verkry prominensie in verhouding tot die mate van herhaling wat dit ondergaan. Die identifikasie van prominente semantiese motiewe lewer 'n belangrike bydrae tot die waardering van 'n gedig. Bepaalde veranderinge in hierdie semantiese patrone kan dui op semantiese beweging in 'n teks. Soms word patrone aangetref wat ooreenkomste vertoon met musikale vorme soos die Sonata of Rondo. Twee motiewe kan teenoor mekaar gestel word in 'n inleiding. Dit word daarna verder uitgebrei, op verskillende vlakke met mekaar gekontrasteer en uiteindelik geïntegreer. Motiewe kan mekaar afwissel volgens 'n bepaalde terugkerende patroon. Die verwantskap tussen literatuur en musiek kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat sekere patrone estetiese waarde het in kunsvorme wat 'n tydsdimensie het.

Daar moet meer waardering wees vir die semantiese kontoere van die teks. Een van die eerste stappe in eksegese moet wees om die teks (in die oorspronklike vorm) in sy geheel 'n paar maal hardop te lees om sodoende aan die dinamika van die teks blootgestel te word.

## 3. 'N WAARDERING VAN JOB 3

### 3.1 Die tradisionele struktuuranalitiese benadering tot Job 3

In hierdie gegeelte word die resultate van enkele navorsers krities beskou. Die meerderheid navorsers stem saam dat die gedig uit drie dele bestaan: Job 3-10, 11-19 en 20-26. Die woord לָמָּה merk die begin van die tweede en derde deel. Dit is egter nie so maklik om te bepaal wat die verbande is tussen die stiges in hierdie drie eenhede nie.

Vorm en inhoud behoort te geld as maatstaf wanneer stiges verbind word om groter eenhede te vorm. Hierdie riglyn is egter nie sonder probleme nie. Die posisie van vers 6 is nie voor-die-hand-liggend nie. In vers 3 word beide dag en nag

genoem. In verse 4-5 kom die dag ter sprake. Die vorm van vers 6 stem ooreen met dié van 5, maar dit verwys na die nag en nie na die dag nie. In daardie opsig stem dit ooreen met vers 7. Skehan (1961:129) verander vers 6 om na die dag te verwys en verbind dit met vers 5. Hy word gevolg deur Murphy (1981:22). Freedman (1968:503) sien verse 6-9 as 'n eenheid wat na die nag verrwys. Volgens hom verwys verse 3 en 10 na die dag en nag (een begrip) van Job se geboorte. Hierdie verse vorm 'n *inclusio* wat die subeenhede van dag (4-5) en nag (6-9) omarm.

Webster (1983:36) interpreteer verse 3-6 as 'n strofe wat 'n gedagte-eenheid bevat. Volgens hom word beide die dag en die nag van Job se geboorte in die eerste vers vervloek. Vers 6 sluit hierdie gedagte-eenheid af. Vers 7 begin met emfatiese klem op die nag en sit die vloek voort tot by vers 10.

Freedman en Webster se standpunt dat dag en nag as een konsep gesien moet word wat vewys na Job se geboorte, is onwaarskynlik. Van Selms (1982:40) dui aan dat daar twee konsepte ter sprake is, naamlik die dag van geboorte en die nag van konsepsie (vergelyk hierdie begripspaar in Psalm 51:7).

Struktuuranalitici selekteer dikwels struktuurmerkers wat hulle standpunt ondersteun, terwyl ander struktuurmerkers oor die hoof gesien word. Webster beskou die klem in vers 7 as 'n onderskeidende struktuurmerker, maar die klem in vers 6 word geïgnoreer.

In die volgende gedeelte lewer vers 16 'n probleem op. Die inhoud van vers 16 stem ooreen met dié van verse 11-12, terwyl verse 13-15 en 17-19 weer bymekaar hoort.

Skehan (1961:129) verskuif vers 16 en plaas dit tussen verse 11 en 12. Murphy (1981:22) plaas dit na vers 12. Freedman (1968:505) beskou dit as 'n 'verdeler', maar verbind dit met verse 17-19. Webster (1983:36-37) beklemtoon die verband tussen verse 16 en 11 en beskou dit as inleidende stiges van die strofes 11-15 en 16-19. Aan die een kant beskou hy ekwivalensie in twee stiges as 'n aanduiding van 'n raam van 'n strofe (verse 3-10), aan die ander kant beskou hy dit as merkers wat die begin van twee afsonderlike strofes aandui (11-15 en 16-19).

In die derde gedeelte is dit moeilik om die plek van vers 23 te bepaal. Dit stem ooreen met verse 21-22 in die sin dat geen spesifieke persoon genoem word nie, maar dit stem ooreen met 24-26 in die sin dat die persoon in die enkelvoud is in teenstelling met die meervoudsvorm in 21-22. Freedman (1968:505) beskou dit as 'n 'verdeler' en verbind dit aan 24-26. Webster (1983:37), Skehan (1961:129) en Murphy (1981:22-23) interpreteer dit as die laaste stige van die voorafgaande strofe.

Bogenoemde resultate dui daarop dat die identifisering en interpretasie van 'struktuurmerkers' in Job 3 nie werklik aanspraak kan maak op objektiwiteit en wetenskaplikheid nie.

### 3.2 Semantiese ritme as sleutel tot die verstaan van Job 3

Van Selms het die aandag gevestig op 'n interessante komposisionele figuur in poësie. In Job 3, sowel as in ander hoofstukke van Job, word kontrasterende motiewe in een stige ingelei. Daarna word hierde motiewe herhaal in groter afsonderlike eenhede (kyk Van Selms 1982:39-41, 69). Hierdie komposisionele figuur is egter nie net beperk tot enkele gedeeltes in die boek Job nie, dit kom in variërende vorme voor in al die poëtiese gedeeltes. Die figuur wat Van Selms opgemerk het, is eintlik 'n manifestasie van die ritmiese karakter van poësie op die semantiese vlak. Die algemene parallelisme is ook 'n manifestasie van hierdie selfde verskynsel.

In die volgende gedeelte word die semantiese motiewe by die vertaling deur middel van simbole aangetoon om sodoende die semantiese ritme te demonstreer:

### 3.3 Patrone gevorm deur afwisselende semantiese motiewe

Motiewe:

A Geboorte is ongewens
  Aa dag van geboorte
  Ab nag van konsepsie
    i die bestaan van die dag/nag
    ii voortplanting op die dag/nag

B Die mens se lot
  Ba negatief
  Bb positief
    i rus
    ii gelykheid

Job 3

3. ***Aai*** Mag die dag tot niet gaan ***Aaii*** waarop ek gebore is
  ***Abi*** en die nag wat gesê het: ***Abii*** 'n Man is verwek
4. ***Aai*** Daardie dag moet donkerte wees
  God daarbo moet nie na hom vra nie
    geen lig moet oor hom skyn nie
5. ***Aai*** Mag donkerte en duisternis hom opeis
  mag wolke oor hom hang
    mag donkerte van die dag hom verskrik

6. *Abi* Donkerheid moet daardie nag wegneem
hy moet homself nie voeg by die dae van die jaar nie
in die getal van die maande moet hy nie kom nie
7. *Abii* Ja, daardie nag moet onvrugbaar wees
daar moet geen uitroep in hom wees nie

8. *Aai* Mag die dagvervloekers hom vervloek
hulle wat gereed sit om die Leviatan op te hits
9. *Aai* Mag sy môresterre verduister word
mag hy tevergeefs wag op die lig
en mag hy die ooglede van die dagbreek nie sien nie
10. *Aaii* Want hy het nie die deure van my moederskoot toegesluit
*Bai* en die moeilikheid vir my oë verberg nie

---

11. *Aa* Waarom het ek nie by geboorte gesterf
uit die moederskoot uitgegaan en die asem uitgeblaas nie?
12. *Aa* Waarom was daar knieë tot my beskikking
en borste vir my om te drink?

13. *Bbi* Want dan sou ek gelê en stil gewees het
dan sou ek geslaap en rus gehad het
14. *Bbii* Saam met konings en raadsmanne van die aarde
hulle wat ruïnes opbou vir hulleself
15. *Bbii* Of saam met vorste wat goud besit
hulle wat hulle huise vol maak met silwer

16. *Aa* Of (waarom) was ek nie soos 'n misgeboorte wat weggelê word
soos kinders wat die lig nie sien nie?
17. *Bbi* Daar hou die goddelose op met woel
en daar rus hulle wie se krag uitgeput is
18. *Bbi* Die gevangenes is almal saam op hulle gemak
hulle hoor nie die stem van die slawedrywer nie
19. *Bbii* Sowel klein en groot is daar
*Bbi* en die slaaf is vry van sy meester

---

20. *Aa* Waarom gee Hy lig *Ba* aan die vermoeide
*Aa* en lewe *Ba* aan hom wat bitter van gees is?

21. *Ba* Hulle wat tevergeefs wag op die dood
wat harder daarna soek as na verborge skatte
22. *Ba* Hulle wat hulle uitermate verheug...
en bly is as hulle die graf vind
23. *Ba* Vir 'n man wie se weg verborge is
vir wie God aan alle kante inperk

24. *Ba* In die plek van my brood kom my gesug
my gekreun word uitgestort soos water
25. *Ba* Want dit wat ek gevrees het, het oor my gekom
en dit waarvoor ek bang was, het na my toe gekom
26. *Bai* Ek het geen vrede en geen kalmte nie
ek het geen rus nie of daar kom onrus.

Dit is duidelik dat daar drie onderskeibare eenhede is, naamlik Job 1-10, 11-19, 20-26. Die patroon van afwisselende semantiese motiewe bevestig hierdie verdeling. In elke deel is daar verwysing na die feit dat geboorte/lewe onwenslik is en dit word gevolg deur 'n beskrywing van 'n mens se lot. Daar is 'n verskuiwing ten opsigte van die proporsionele klem op die motiewe. In die eerste deel word alleen in die laaste hemistige verwys na die lot van die mens, terwyl die res van die deel na die onwenslikheid van lewe verwys. In die tweede gedeelte volg die twee motiewe 'n patroon van alternering. In die derde deel verwys slegs die eerste stige na die feit dat lewe onwenslik is, in die res van die deel handel dit oor die lot van die mens.

Hierdie patroon van afwisselende motiewe is nie beperk tot die primêre motiewe A en B nie. In die dele vertoon sekondêre motiewe ook 'n patroon van afwisseling (byvoorbeeld Aa, Ab).

Dit is moontlik om kleiner eenhede te identifiseer aan die hand van patrone. Met sekere voorbehoude kan daar verwys word na die groter eenhede as stansas en die kleiner eenhede as strofes. Alhoewel hierdie benaming gebruik word in die res van die artikel, moet dit in gedagte gehou word dat die verdeling in kleiner eenhede nie prominent is nie en dat 'n strofiese patroon nie onkrities aanvaar kan word nie. Hierdie segmentasie pretendeer nie om 'n intensionele verdeling van die teks te rekonstrueer nie, dit wil eerder die aandag vestig op opvallende reekse van semantiese motiewe wat die semantiese kontoere van die teks bepaal. Die onderskeiding tussen eenhede word nie gesien as semantiese grense nie, aangesien semantiese oorvleueling plaasvind tussen eenhede. Die vloeiende aaneenskakeling van 'n komposisie verhoed dat dit gefragmenteer word.

Die eerste en derde stansas vorm 'n *inclusio*. In hierdie stansas word die negatiewe implikasies van die lewe beklemtoon teenoor die tweede stansa waar die positiewe implikasies van die dood beskrywe word. Let op die herhaling van woorde in die eerste en derde stansas:

אוֹר in verse 9 en 20,
עמל in verse 10 en 20,
סתר in verse 10 en 23,
גֶּבֶר in verse 3 en 23.

### 3.4 Waardering van die gedig vanuit hierdie strukturele perspektief

Stansa I (verse 3-10)

Die gedig begin met die komposisionele figuur wat bo genoem word. In die eerste stige word verwys na twee verskillende motiewe, naamlik die dag van geboorte en die nag van konsepsie. In die volgende stiges word hierdie twee motiewe afsonderlik uitgebrei.

Konsentriese patrone kom voor in die stansa: Die eerste (3-5) en derde (8-10) strofes verwys na die dag van geboorte teenoor die verwysing na die nag van konsepsie in die tweede strofe (6-7). In verse 3 en 10 is daar *spesifieke* verwysing na *Job* se geboorte.

Job kla oor die feit van sy bestaan op 'n baie kras manier: Hy vervloek sy konsepsie en geboorte. In die eerste stansa word daar alleen in die laaste hemistige verwys na sy lyding. Die ontwikkeling van die gedig sal toon dat daar 'n sterk element van ironie in hierdie stansa is. Hy kla oor die paradoks van sy lewe, naamlik die feit dat hy gebore is om te ly. Hy reageer op hierdie paradoks op 'n paradoksale manier: Hy val die verkeerde been van die paradoks aan, naamlik die feit van sy bestaan. Wanneer sy gemoed effens bedaar in die res van die gedig, word sy klagte meer letterlik, dan word dit duidelik dat hy eintlik kla oor sy lyding.

Hy val die verkeerde been van die paradoks selfs op 'n paradoksale manier aan: Hy vervloek die dag van geboorte en die nag van konsepsie. Hierdie entiteite moet in die niet verdwyn. Job maak absurde beskuldigings: Hy hou die nag verantwoordelik vir sy konsepsie en die dag vir sy geboorte. Hy gebruik absurde beelde: Die beeld van donkerte wat die dag moet wegneem, is gepas, aangesien donkerte die grense van die dag konstitueer. In die volgende strofe pas hy egter dieselfde beeld toe op die nag – donkerte moet die nag wegneem. Dit is 'n duidelike paradoks.

In vers 8 kom hy op 'n abrupte manier terug na die beeld van die dag, sonder dat die oorgang geantisipeer word. 'n Soortgelyke verskynsel, naamlik 'n abrupte oorgang na 'n ander motief, kom voor in vers 16 (daar gryp dit terug na verse 11-12). Die wens dat die mitologiese chaos-monster Leviatan en die donkerte die dag moet wegneem, transponeer die beeld na die sfeer van die skepping. Dit word ondersteun deur die verwysing na die môresterre en dagbreek (kyk hoofstuk 38:7). Job wens dat die handelinge van die skepping omgekeer word.

**Stansa II (verse 11-19)**

In hierdie stansa is daar beweging van die paradoks na ironie. Hier is meer ruimte vir die werklike objek van sy klag, naamlik sy lot, alhoewel dit steeds op 'n ironiese trant geskied. Slegs in die retoriese vrae in verse 11, 12 en 16 verwys hy na die feit van sy bestaan.

Sy voorkeur vir die dood is 'n ironiese manier om te protesteer teen sy omstandighede. Twee 'voordele' van die dood word beklemtoon, naamlik rus en die verdwyning van morele- en klasse-verskille. Daar is ironie in die feit dat hy die verdwyning van hierdie verskille as 'n voordeel beskou. In die res van die dialoog protesteer hy juis teen die feit dat hy as 'n goddelose persoon behandel word. Nou verlang hy kamtig na 'n toestand waarin die onrustige goddelose en die uitgeputte persoon saam tot ruste kom (17).

Sy stellings oor koning, raadgewers en prinse het ook 'n element van ironie. Dit kom voor asof hy op 'n positiewe manier verwys na hulle prestasies, maar eintlik spot hy met die proses van lewe en dood. Die herbou van ruïnes deur konings is 'n bekende motief. Tog kan die woorde in hierdie konteks op 'n ander manier verstaan word. Konings bou ruïnes in die sin dat die geboue wat hulle bou, bestem is om ruïnes te word. Prinse vergaar skatte wat hulle nie in hulle dood kan saamneem nie (14). Sy versugting na die dood is 'n ironiese manier om te protesteer teen die paradoks van die lewe.

**Stansa III (verse 20-26)**

In die laaste stansa beweeg hy na 'n meer letterlike beskrywing. In die eerste strofe (20-23) vewys hy na homself op 'n onpersoonlike manier (let op die konsentriese patroon enkelvoud, meervoud, meervoud, enkelvoud), maar in die laaste strofe (24-26) verwys hy op 'n direkte manier na homself. In hierdie stansa is dit duidelik dat sy aanval gerig is op God en die teodisee-vraagstuk.

Die openbaring in die derde stansa het belangrike implikasies vir die interpretasie van die eerste stansa. In die derde stansa praat hy op 'n direkte manier en beskuldig God. In die eerste stansa reageer hy op 'n sterk emosionele manier en

neem sy toevlug tot vervloeking. Selfs in daardie emosionele toestand wend hy hom nie tot die 'voor-die-hand-liggende' reaksie, naamlik om God te vloek, nie. Hy verkies liewer die paradoksale vervloeking van die dag van sy geboorte en die nag van sy konsepsie.

Die ironie van hierdie hoofstuk moet ook geïnterpreteer word in die konteks van die proloog. In Job 1:10 sê die Satan dat God Job beskerm aan alle kante (שַׂכְתָּ בַעֲדוֹ). Job interpreteer dit op 'n ironiese manier, naamlik dat God hom aan alle kante inperk (וַיָּסֶךְ בַּעֲדוֹ – Job 3:23). Daar is ook 'n verband tussen die woorde van Job se vrou: 'Vloek God en sterf! (Job 2:9)' en Job se weiering om God te vloek ten spyte van sy hunkering na die dood (hoofstuk 3). Job neem eerder sy toevlug tot die paradoksale vervloeking van die dag van sy geboorte en die nag van sy konsepsie. Hierdie godvresenheid, alhoewel implisiet, konstitueer 'n belangrike faset van die paradoks van die opregte wat in opstand kom teen God se bestuur.

## 4. SLOTOPMERKING

In ons soeke na dit wat feitelik korrek is en dit wat eties reg is, word tekste dikwels klinies geanaliseer op soek na feite en morele uitsprake. Tog kan 'n teks eers waardeer word wanneer die leser of luisteraar blootgestel word aan die vloei van die gedagtegang en die effek van die ingeboude semantiese ritme. Die waardering van die *estetiese dimensie* van literatuur kan op hierdie manier beter tot sy reg kom.

**Literatuurverwysings**


Freedman, D N 1968. The structure of Job 3. *Biblica* 49, 503-508.

Murphy, R & Carm, O 1981. *Wisdom literature*. Grand Rapids: Eerdmans. (The forms of the Old Testament literature, vol III.)

Skehan, P W 1961. Strophic patterns in the book of Job. *CBQ* 23, 125-142.

Van Selms, A 1982. *Job I*. Nijkerk: Callenbach. (De Prediking van het Oude Testament.)

Webster, E C 1983. Strophic patterns in Job 3-23. *JSOT* 26, 33-36.